

Die glans van die mens

Die glans van die mens.

Die mens gee 'n glans af wat die blote oog nie kan sien nie. Sommige noem dit die aura maar min weet dat aura reeds bekend was in Hindoeïsme. Hulle praktiseer in die sien van die aura al vir eeue waarvan hulle hul gode aanroep tot opleiding (*Dit word ook gebruik in satanisme*).

Ek het 'n boek van oom Ben Maree waar hy in gesprek is met Phil Botha (Satanisme). Phil was 'n 10 de graad priester in die sataniese wêreld. Weens sy leer en beoefening in die geestelike realm kon hy die glans / aura sien (*Waar ons nie mag krap nie*). Hy het bevestig dat daar verskillende kleure is in die glans van die mens.

Kom ons kyk ligtelik na sy en ander se sieninge oor die glans van die mens. Met my ondersoek na die glans-uitstraling van die mens het ek op die internet wêreld 'n draai gemaak. Die een is slimmer as die ander en val behoorlik oor hulle voete om te sê hoe jy die aura kan raaksien (*Wat dit regtig is, is dat jy met jou eie oë speel om sodanig die volgende persoon se aura te sien*). Soos bo genoem lê die meeste antwoorde in Hindoeïsme om te leer van die aura (*Ek beveel dit glad nie aan nie, want ons word uit die Skrifte belet om te krap in die geestelike arena*). Met Phil se verduideliking oor die aspek het ek 'n redelike tevredenheid gekry nl.: Dat daar verskillende kleure is wat die menslike liggaam uitstraal. Jy kan die persoon se geestelike, emosionele en fisiese toestand daardeur aflei. 'n Kind van VADER gee 'n konings blou kleur, waarvan dit begin met donker blou tot wit-blou; Die wit-blou is so oorheersend dat jy amper nie die blou kan raaksien nie (*Die seuns wat baie na aan VADER beweeg se kleur verhelder in verhouding tot HOM*). Sommige draers van die blou kleur kry kolle in hulle glans. Dit is lig tot donker kolle wat voorkom in die glans wat die bewys is dat liggaam besig is om te sterf (*Die kolle kleur is gewoonlik bruin en dus selle wat doodgegaan het*). Hoe donkerder die selle, hoe meer selle het reeds dood gegaan. Die ontstaan van sekere kolle is soos tatoeëermerke, verdowingsmiddels of naalde-prikke op die vel (*Dit kan ook gesien word as kanker*).

Dan kry jy ook dat 'n ander kleur wat die blou affekteer, soos rooi bv. As die persoon kwaad word begin rooi in die blou te voorskyn kom. As kwaad boosaardige afmetings aanneem kan dit die blou heeltemal oorneem. Ons sê baie keer dat 'n persoon geel is van jaloesie, wat in der waarheid reg is. Bruin kleur in die algemeen beteken dat die persoon met okkulte, spiritisme, satanisme, swart toorkuns, ens. te doen het. Soos ek bo genoem het dat die aura niks met lig-uitstraling te doen het nie, maar wel 'n kultiese oorsprong het in Hindoeïsme en Boeddhisme (*Interessant dat Ha satan aanbidders nie van die woord 'aura' hou nie*).

Nou die ligglans-uitstraling van die mens het grootliks met magnetisme te doen. As jy jou voete op 'n mat skuur en jy vat liggies aan 'n ander persoon kan jy hom skok. Daar skiet werklik 'n sigbare lig-straaltjie van jou na hom.

Baie joga beoefenaars (*Hindoeïsme*) laat die persoon platlê en dan beweeg hulle hul hande net bokant die liggaam heen en weer in daardie uitstralings area om die persoon sodanig te help (*beïnvloed*). Volgens oom Ben kan die glans bespeur of waargeneem word deur Kirlian fotografie (*Uitstraling*).

Kom ons kyk wat sê die skrif vir ons rondom die vraagstuk.

Dan 12:3 En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.

Ons lees van glinster en glans wat uitgestraal word.

Ps. 89:45 U het aan hom sy glans onttrek en sy troon teen die grond neergewerp. Ek weet dat hier verwys word na sy eer, maar tog is die woord “glans” gebruik.

Ps. 145:5 He. Ek wil spreek van die glans van u skitter majesteit en van u wonderbare dade (Weereens soos bo, die erkenning van glans).

Jes. 60:19 Die son sal bedags jou lig nie meer wees nie, en as glans sal die maan vir jou geen skynsel gee nie; maar YAH sal vir jou wees ‘n ewige lig, en jou Skepper sal jou sieraad wees (Watter vreugde, dink net daaraan dat YAH jou glans is).

Eseg. 10:4 Toe het die lofwaardigheid van YAH van die gerub af opgestyg oor die drumpel van die huis; en die huis is gevul met die wolk en die voorhof was vol van die glans van YAH se lofwaardigheid (Watter ontsettende gesig moes dit nie gewees het nie).

Gen 3:11 En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? (Dus moes hulle beklee gewees het met die blou glans waarvan daar ewe skielik na die seksuele daad kolle of ‘n ander kleur ingetree het op hulle liggame).

Die glans uitstraling van ‘n liggaam “soos by ‘n baba” is helder en skitterend, maar oor die jare verswak dit. Ieder en elk van die mens het ‘n glans waarvan die Skrifte ons uitwys waar boodskappers ~~engele~~ of ander hemel wesens skitterend blink was wat hulle as mens wel kon sien (*Omrede hulle soos ons as mens skeppinge van YAH is*). Kyk gerus na Moses van ouds, telkemaal waar hy in YAH se teenwoordigheid was het sy gesig gestraal. Daarbenewens gee ons ‘n glans af, maar dit is so dof dat die menslike oog dit nie sommer kan sien nie. Volgens Phil (*Gewese Ha satanis wat wel die kleure kan sien*) kry die seuns van VADER ‘n blink kol op hulle voorkop wat wit lig uitstraal.

As ons weereens na die Skrif kyk dan sien ons dat die son en die maan nie meer nodig gaan wees in die nuwe Jerusalem nie, want die lig straal uit VADER en SY Seun; so ook uit SY boodskappers en SY aardse seuns.

Ons lees in Open. 21:22-27 En ‘n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here Meester God YAH, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam.

Open.21:23 En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid lofwaardigheid van God VADER het hom verlig, en die Lam is sy lamp. Wonderlik!

Open.21:24 En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlijkheid lofwaardigheid en eer daarin. 25 En bedags want nag sal daar nie meer wees nie sal sy poorte nooit gesluit word nie; 26 en hulle sal die heerlijkheid lofwaardigheid en die eer van die nasies daarin bring. :27 En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam. Dus die wat bevuil is (Geen glans meer) sal nie die voorreg hê om in te kan gaan nie.

Matt. 3:11,12 Ek doop julle wel met water tot bekering; (Die wat besef het dat hulle in wetsoortredinge gelewe het “hulle draai om” weg van die ou en verkeerde lewe) maar Hy (YAHUSHA) wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Reine Gees en met vuur. :12 Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand.

Die ‘vuurdoop’ is dit wat jy beur moet gaan na die doop van Johannes. Die doop (onderdompeling) soos ons dit ken is om die oortredinge waarin jy bevuil was af en uit te was; Na die skoonmaak is die vuurdoop wat baie temptasies beteken wat deurgestaan moet word. Daar kan dood, siektes, finansiële probleme of selfs geestesversteurings intree. Ons lees in *Matt. 12:43-45* waar daar staan: *En wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus en vind dit nie. :44 Dan sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en vind dit leeg, uitgeveeg en versier. :45 Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hy self met hom saam, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste. Só sal dit ook wees met hierdie bese geslag.* Daarom moet ons oplet na dit wat ons uitstraal, want dit is daar tot beskerming, tog kan dit verdof en verlore raak.

Open. 7:3 ...Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse VADER op hulle voorhoofde verseël het nie. Open. 9:4 En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God VADER nie op hulle voorhoofde het nie.

Ek glo die verseëlde se lig sal skyn soos Moses van ouds. Daarom my roep na ieder en elk om die hande op te hou om deel te wil wees van die 144 duisend. Ons strewe moet wees om na aan YAH te lewe sodat Sy Lig ons sal BELIG (GLANS).
Bedink dit